

MONTE CHRISTO

EKOLANDGOED

ARGITEKTONIESE REËLS

Hersiening 6



HERSIENINGS

Hersiene Argitektoniese Riglyne en Boureëls was goedgekeur op 'n Spesiale Algemene Vergadering op 14 Maart 2016 en bekragtig op die Algemene Jaarvergadering in Mei 2016.

Hersiening 1:

1. Verander op 20 September 2017 en deur die Bestuurskomitee goedgekeur.
2. Terminologie veranderings aangebring om te belyn met die nuwe Gedragskode vir Bouery Diensverskaffers (April 2018).

Hersiening 2:

1. 'n Nuwe grondwet is op 12 Junie 2018 deur die Mosselbaai Munisipaliteit goedgekeur en alle kruisverwysings na die nuwe grondwet is gedoen.
2. Die Monte Christo Ekolandgoed Vereniging van die 2002 grondwet is verander na die Monte Christo Ekolandgoed Huiseienaarsvereniging (HEV).
3. Verandering in paragraaf 4.6.3 (voeg by *of skadunet* motorafdak).
4. Vervang vorige paragraaf met nuwe inhoud.
5. Paragraaf 6 (Tabel 1):
 - 5.1 Verwyder *Klinkers* van aanvaarbaar na nie-aanvaarbaar.
 - 5.2 Verwyder *Koepelvormige dakke* van aanvaarbaar na nie-aanvaarbaar.
 - 5.3 Voeg *Platdakke* (met voorwaardes) by as aanvaarbaar.
 - 5.4 Voeg *Wit* by as 'n nie-aanvaarbare kleur vir eksterne mure.
 - 5.5 Voeg *Wit* by as 'n nie-aanvaarbare kleur vir dakafwerking.

Hersiening 2 goedgekeur deur Bestuurskomitee op 12 Junie 2018.

Hersiening 3:

1. Wysiging van paragraaf 4.6.1 om meer as een voertuigtoegang tot hoekerwe toe te laat.
2. Insluiting van paragraaf 4.18.3 wat die oprigting van grensmure op die sy- en agtergrense van erwe verpligtend maak.
3. Insluiting van paragraaf 4.18.6 om die oprigting van grensmure van vooraf-vervaardigde keermuurblokke te verbied en ook om uitgrawings op die bouperseel te reguleer.
4. Wysiging van paragraaf 5.2: Verwyder *plataanbome* van verkieslik na uitsluitings
5. Paragraaf 6 (Tabel 1): Grensmure, binnemure en ommuurde deel:
 - 5.1 Voeg by: *aan albei kante* as aanvaarbaar;
 - 5.2 Voeg by: *Sakgesmeerde messelwerk (geverf/ongeverf)* as onaanvaarbaar.

Hersiening 3 goedgekeur deur die Bestuurskomitee op 09 Julie 2019.

Hersiening 4:

- 1 Die wysiging van klousule 4.15.1 (Installering van reënwater tenks) om die kleure daarvan te reguleer.
- 2 Byvoeging van klousule 11.2 om enige afwykings van die goedgekeurde bouplanne te reguleer.

Hersiening 4 goedgekeur deur die Bestuurskomitee op 13 November 2019.

Hersiening 5:

- 1 Die titel van die Argitektoniese Riglyne en Boureëls word verander na “Argitektoniese Reëls”
- 2 Verwyder klousules 9, 10 and 11.
- 3 Insluiting van klousules 9, 10 and 11 in die “*Monte Christo Eco Estate Rules Regulating Building Activities*”.

Hersiening 5 goedgekeur deur die Bestuurskomitee op 6 Desember 2019.

Hersiening 6

Verwyder klousule 4.3.2. wat die minimum woonoppervlakte in die groepbehuising-ontwikkeling op die landgoed voorskryf.

Hersiening 6 goedgekeur deur die Bestuurskomitee op 16 April 2020.

INHOUDSOPGAWE

- 1. Interpretasie**
- 2. Inleiding**
- 3. Estetiese sub-komitee**
- 4. Ontwikkelingsriglyne**
- 5. Landskapselemente**
- 6. Materiaalspesifikasies**
- 7. Indiening van bouplanne**
- 8. Goedkeuring van bouplanne**

1. INTERPRETASIE

Tensy die konteks duidelik 'n ander bedoeling aandui, sluit 'n uitdrukking wat 'n natuurlike persoon aandui, 'n kunsmatige persoon in en omgekeerd;

Die onderstaande uitdrukkings sal die betekenis hê wat hieronder aan toegeskryf word en verwante uitdrukkings sal ooreenstemmende betekenis hê:

- 1.1 “**Bestuurskomitee**” beteken die komitee daargestel ingevolge klousule 9 van die grondwet.
- 1.2 “**Diensverskaffer**” beteken enige persoon en/of entiteit wat ontwikkeling en bouwerk op die landgoed verrig en sal, boukontraakteurs, projekbestuurders, verskaffers van boumateriaal, ontwikkelaars en eienaarbouers insluit maar is nie daartoe beperk nie. Hierdie definisie van diensverskaffer is nie allesinsluitend nie en waar die interpretasie van die paragraaf dit regverdig, sal dit ook werknemers, agente, tydelike werkers en subkontraakteurs van genoemde diensverskaffer wat aangestel kan word vir uitvoering van ontwikkeling en boudienste op die landgoed, insluit.
- 1.3 “**Die Reëls**” beteken die *Argitektoniese Reëls* en die *Gedragreëls vir Eienaars en Inwoners* soos vasgestel ingevolge onderskeidelik klousules 22 en 23 van die grondwet van die HEV.
- 1.4 “**Die Huiseienaarsvereniging (HEV)**” is die Monte Christo Ekolandgoed Huiseienaarsvereniging opgerig ingevolge artikel 29 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, no. 15 van 1985. Ingevolge klousule 9 van die grondwet van die HEV sal die sake van die HEV deur 'n Bestuurskomitee bestuur en beheer word.
- 1.5 “**Estetiese sub-komitee**” is daargestel ingevolge klousule 22 van die grondwet en implementeer argitektoniese riglyne en boureëls.
- 1.6 “**Eienaar**” is die geregistreer **eienaar** van 'n erf soos geregistreer deur die betrokke aktekantoor.
- 1.7 “**Gemeenskaplike area**” is sodanige gedeeltes van die Landgoed soos paaie, parke, sypaadjies, hoofpad, erwe, natuurreservaat, asook die verbeterings daarop, wat gemeenskaplike eiendom van HEV-lede is en wat deur HEV-lede gewysig kan word.
- 1.8 “**Landgoedbestuurder**” beteken enige natuurlike of regspersoon aangestel deur die HEV wat dit as geskik beskou om die doelstellings van die HEV te bereik.

- 1.9 “**Woning**” beteken die huis en/of alle buitegeboue en enige ander bouwerk op 'n erf, met inbegrip van alle vaste toebehore van 'n permanente aard.

2. INLEIDING

- 2.1 Die missie van die HEV is om 'n omgewing te skep waarin die natuurlike skoonheid van die omgewing verhoog word deur die argitektuur en tuinuitleg, wat dit moontlik maak om veilig te voel asook om die rustigheid en 'n gevoel van oopte te geniet.
- 2.2 Die oogmerk is om 'n interessante reeks onderling-aanpasbare huisontwerpe te verkry binne die buigsaamheid verskaf deur die goedgekeurde argitektoniese style, terwyl die eentonige eenvormigheid wat in baie behuisingskemas ervaar word, vermy word.
- 2.3 Die gedagte is nie om die ontwerp van geboue op onredelike wyse te beperk nie, nog minder om 'n 'taal' of argitektoniese styl te vestig, maar dis eerder 'n metodologie vir argitekte en tegniese tekenaars wat tot voordeel van die inwoners en uiteindelik die algemene atmosfeer van die gebied sal wees.
- 2.4 Ten einde 'n harmonieuse en esteties aangename omgewing te verkry, word sekere argitektoniese reëls hierin aangebied.
- 2.5 Alle nuwe geboue wat opgerig gaan word, veranderinge of byvoegings aan bestaande geboue moet deur die Estetiese sub-komitee van die HEV goedgekeur word.
- 2.6 Die Estetiese sub-komitee wat daargestel is volgens klousule 22 van die grondwet sal daarop geregtig wees om die goedkeuring van enige bouplan(ne) vir enige woning te weerhou wat geheel en al volgens hulle mening en uitsluitlike diskresie afbreuk sou doen aan die estetiese voorkoms van ander bestaande huise op die landgoed of die waarde daarvan sou verminder. Die HEV en/of sy Bestuurskomitee of sub-komitees, sal nie deur dit te doen enige aanspreeklikheid teenoor enige persoon of instansie aanvaar nie.
- 2.7 Die Estetiese sub-komitee sal redes verskaf vir sodanige afkeuring van genoemde bouplanne.
- 2.8 In die geval van 'n dispuut sal die bouplanne na die Bestuurskomitee verwys word wie se besluit finaal sal wees.

3. ESTETIESE SUB-KOMITEE

- 3.1 Die Estetiese sub-komitee sal bestaan uit nie minder nie as drie persone, van wie:
 - 3.1.1 Een 'n lid van die Bestuurskomitee sal wees, die ander die Landgoedbestuurder; en
 - 3.1.2 Sodanige ander persoon of persone, wat op grond van hulle kundigheid deur die lede van die Bestuurskomitee vir hierdie doel genomineer sal word.
- 3.2 Die hoofmerk van die Estetiese sub-komitee sal wees om alle bouplanne wat vir goedkeuring voorgelê word, te evalueer en om 'n besluit te neem ten opsigte van die aanvaarbaarheid daarvan in die lig van die doelstellings vervat in 2.1 tot 2.4 hierbo, met besondere verwysing na die estetiese eienskappe van die geboue wat opgerig moet word.
- 3.3 Die reëls, proses van toepassing, en gelde betaalbaar sal van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee uiteengesit word.
- 3.4 Die verantwoordelikheid vir die finale goedkeuring van bouplanne sal te alle tye by die betrokke plaaslike owerheid berus, op voorwaarde egter dat planne slegs aan die plaaslike owerheid voorgelê mag word ná evaluering en goedkeuring daarvan deur die Estetiese sub-komitee.

4. ONTWIKKELINGS REËLS

Die doel van reëls vir die ontwerp van geboue is om praktiese akkommodasie op hoofsaaklik skotige steil hellings, waarvan party see-uitsigte veral na die suide het, te verkry.

Gefragmenteerde planvorme sal uitsig en liggingsbepaling verhoog terwyl dit visuele vorm en skaal verskaf.

Alle eienaars sal verseker dat die onderstaande beheermaatreëls gerespekteer en gehandhaaf word:

- eienaars van omliggende eiendom se reg op privaatheid;
- die uitsigte van omliggende wonings;
- die verpligting om die voorwaardes van goedkeuring van die Bestuurskomitee na te kom;
- die verpligting om 'n argitektonies-harmonieuse ontwikkeling te bied; en;
- dat 'n vloeiende vooraansig na die straat geskep word ten einde 'n muur van geboue te voorkom, wat uitsigte en privaatheid sal verbeter

Faktore soos uitsig, privaatheid en oriëntasie vir voldoende sonlig moet in ag geneem word met die plasing van strukture op erwe. Dominante wind en reënrigtings moet ook in gedagte gehou word met die plasing en oriëntering van huise. Oorweging moet aan privaatheid gegee word met die plasing van werf- en onthaal areas.

4.1 Boulyne

Alle bewoonbare strukture, met inbegrip van verandas, moet binne die voorgeskrewe boulyne beperk word.

- 4.1.1 Erwe sal onderworpe wees aan 'n frontale (straat-) boulyn van 'n minimum van 4,5 meter.
- 4.1.2 Sy- (laterale) ruimtes is onderworpe aan 'n minimum 2-meter boulyn.
- 4.1.3 Agterste boulyne is onderworpe aan 'n minimum van 3 meter.


4.2 Verslapping van boulyne

Eienaars en argitekte moet kennis neem van die beperkte grootte van erwe in die Monte Christo Ekolandgoed en moet dus die woning sodanig beplan en ontwerp dat verslapping van die boulyne vermy word.

4.3 Dekking

- 4.3.1 Die maksimum dekking en vloeroppervlakverhouding (VOV) van enige gebou, moet voldoen aan die bepalings van die Mosselbaai Munisipaliteit se Stadsbeplanning en Soneringskema van toepassing op die voorwaardes van goedkeuring van die Monte Christo Ekolandgoed-ontwikkeling. Die minimum woonoppervlakte, met inbegrip van garages en oordekte patio's, voorgeskryf op die landgoed is 200 vierkante meter.

4.3.2 Wyttebeperking: Die wytte van die eerste verdieping op die transversale as van 'n eiendom in die rigting van die uitsig mag slegs 50% wees (sien figuur 3 hieronder). Plasing van die gebou moet nie die uitsig van bure van aangrensende erwe op onredelike wyse belemmer nie. Die nodige oorweging moet gegee word aan die plasing en hoogte van strukture om sodoende aan die aangrensende erwe optimale uitsig en privaatheid te bied.



4.4 Bouhoogte-bepelkings en tuinitleg

- 4.4.1 Volhoogte dubbelverdiepinghuise sal toegelaat word.
- 4.4.2 Dubbelverdiepinghuise moet nie 8,5 meter in hoogte oorskry nie, gemeet van die parallelle kontoerlyn op die eiendom tot die top van die dak.
- 4.4.3 Dubbelverdiepings moet nie 50% van die totale vloeroppervlak van die grondvloer oorskry nie, soos in 4.3.3 hierbo gestipuleer. (Sien ook Dekking 4.3.1).
- 4.4.4 Dakkamers en kelderverdiepings sal toegelaat word.
- 4.4.5 Strukture en vlakke van strukture moet die vorm van die landskap volg ten einde uitermate hoë fundamente te voorkom. Geboue moet in die landskap pas en nie bo-op die landskap nie. Fundamentmure met 'n maksimum van 1,2 meter hoog word toegelaat.

4.5 Buitegeboue

- 4.5.1 Geen tweede woning, vrystaande van die hoofhuis, sal toegelaat word nie. Indien 'n tweede woning oorweeg word, moet dit:
- (a) nie meer nie as een slaapkamer hê;
 - (b) met die res van die huis verbind wees (met uitsluiting van die garage);
 - (c) deur die Estetiese sub-komitee goedgekeur word; en
 - (d) deur die munisipaliteit goedgekeur word, en die nodige gelde moet betaal word.
- 4.5.2 Geen buitegebou sal toegelaat word nie met inbegrip van tuinhuisies ("*Wendy houses*").
- 4.5.3 Skoorstene, kaggels en braaiplekke moet ontwerp en opgerig word om by die eienskappe van die huis te pas.

4.6 Toegang van voertuie/Garages

- 4.6.1 Voertuigtoegang tot enige erf sal beperk word tot een ingang per erf per aangrensende publieke straat of pad.
- 4.6.2 Daar word vereis dat daar op 'n erf vir ten minste twee parkeerplekke vir besoekers voorsiening gemaak sal word, benewens die hoofgarage/s.
- 4.6.3 Geen tydelike, vooraf-vervaardigde of skadunet motorafdakke sal toegelaat word nie.
- 4.6.4 Platdak motorafdakke, wat direk verbind is met die hoofgebou, kan opgerig word maar moet voldoen aan die voorgeskrewe spesifikasies soos deur die Estetiese sub-komitee bepaal. Verder, moet die dakbedekking voldoen aan die vereistes soos bepaal in paragraaf 6, moet dieselfde kleur as die hoofgebou se dak wees, en moet afgeskerm wees van naburige eiendomme deur 'n gepaste fasiabord. Geen struktuur sal toegelaat word indien dit die boulym oorskry nie.

4.7 Terreinopruiming/Voorbereiding

Geen buitensporige uitgrawings en opvulling sal toegelaat word nie tensy die natuurlike toestand van die terrein sodanig is dat dit redelike bouwerk sal verhinder.

4.8 Afvoerpype/geutpype

Geutpype en afvoerpype moet onopvallend en so ver redelikerwys moontlik, versteek wees. Enige struktuur hoër as 1,0m moet versteek wees en geen loodgieterswerk wat van die straatfront af sigbaar is, word toegelaat nie.

4.9 Beligting

Buiteligte op 'n erf en/of gebou moet gedemp wees en onopvallend vir bure wees.

4.10 Letterwerk en nommering

Letterwerk of nommering moet nie minder nie as 200 mm hoog wees en moet esteties ontvanklik en nie aanstootlik nie wees.

4.11 Vullis

Vullisgebiede moet binne die muur om die erf versteek wees.

4.12 Eksterne antennas en elektriese kables

4.12.1 Televisieantennas en satellietkottels moet so onopvallend moontlik wees.

4.12.2 Geen oorhoofse eksterne bedrading sal toegelaat word nie.

4.13 Riolering

4.13.1 Alle rioolpype moet in ooreenstemming met die vereistes van die plaaslike owerheid aangelê word, en die aansluitings met die hooflyn/-pyp moet in ooreenstemming met die spesifikasies van die plaaslike owerheid wees.

4.13.2 Alle rioolpype moet onopvallend wees en so ver redelikerwys moontlik, versteek wees.

4.14 Water

Wateraansluitings moet deur 'n goedgekeurde loodgieter uitgevoer word om aan die volledige spesifikasies van die plaaslike owerheid te voldoen en dit sal vir die eienaar se rekening wees.

4.15 Reënwaterafloop

4.15.1 Installering van tenks (uitgesluit groenkleurig) vir die opvang en berging van reënwater word aangemoedig om water te bespaar. Dit is egter belangrik dat die tenks versteek of ondergronds moet wees. Die posisie van die tenk, sowel as die kleur daarvan, moet op die plan vir goedkeuring deur die Estetiese sub-komitee aangedui word.

4.15.2 Geen konsentrasie van waterafloop na strate toe wat erosie veroorsaak, sal toegelaat word nie en dit moet in gedagte gehou word by die gradiënt van die opritte gegewe die steil aard van die landgoed.

4.16 Elektrisiteit

'n Goedgekeurde elektrisiën moet alle elektrisiteitsaansluitings behartig.

4.17 Rande

Die straatrande onmiddellik buite die grense sal die verantwoordelikheid van die erfeienaar wees, wat betref instandhouding, met inbegrip van die sny van die gras.

4.18 Grensmure, binnemure en heinings (sien ook paragraaf 6).

- 4.18.1 Die gebruik van hierdie elemente moet esteties aanvaarbaar wees en ontwerp word om die bouvorm te verbeter.
- 4.18.2 Ommuring aan die straatvoorkant word nie aanbeveel nie maar sal deur die Estetiese sub-komitee oorweeg word en moet op die plan aangedui word. Die styl sal onderworpe wees aan die goedkeuring daarvan deur die Estetiese sub-komitee en alle grensmure moet op die plan aangedui word tesame met afwerkings en spesifikasies.
- 4.18.3 Daar word vereis dat grensmure, met 'n minimum hoogte van 1,5 meter, op die sy en agter grense opgerig word.
- 4.18.4 Binnegrense moenie 1,8 meter hoog oorskry nie, gemeet vanaf die gemiddelde natuurlike grondhoogte.
- 4.18.5 Kombuiswerfmure mag nie 1,8 meter hoog oorskry nie, gemeet vanaf die vloerhoogte van die werf.
- 4.18.6 Grensmure mag nie van vooraf-vervaardigde keermuurblokke gebou word nie. In gevalle waar uitgrawings op die bouperseel nodig is mag sodanige uitgrawings nie nader as 1 meter van die grenslyn wees nie

4.19 Plaveisel en opritte wat toegelaat sal word, is:

- Baksteenplaveisel;
- Blootgestelde aggregaat-betonplaveisel;
- Straatklippe ("cobblestones");
- Natuurlike klipsplinters met randstuk;
- Plaveisel van spoelklippies; en
- Die uitleg van die oprit moet nie die rande onbegaanbaar maak nie en geen strukture sal die grense van die aangrensende eiendom oorskry nie.

4.20 Diefwering

- 4.20.1 Diefwering moet 'n eenvoudige reghoekige ontwerp hê en aan die binnekant geplaas word en, indien moontlik, moet dit haaks wees met vensterroeie.
- 4.20.2 Moet spesiaal vervaardig word om die afmetings van die vensters en styl van die gebou oor die algemeen te pas.

4.21 Diensfasiliteite en loodgieterselemente

- 4.21.1 Gassilinders, vullisbakke, komposhope en wasgoeddrade, moet versteek word sodat dit nie van naburige wonings af sigbaar is nie.
- 4.21.2 Prominente loodgieterselemente moet vermy of versteek word óf in die mure óf eksterne afskortings, terwyl asemkleppe gebruik moet word in plaas van ontlugstampype.
- 4.21.3 Sigbare sonpanele word toegelaat maar opgaartenks moet versteek word.

5. LANDSKAPSELEMENTE

5.1 Verpligtend

- 5.1.1 Dit is verpligtend vir die eienaar van 'n erf om binne 12 maande vanaf die datum op die okkupsaiesertifikaat ten minste vier bome op sodanige erf te plant.
- 5.1.2 Twee van die bome moet op die sypaadjie voor die erf geplant word en die ander op die erf.
- 5.1.3 Die bome wat geplant moet word, moet, wanneer ten volle uitgegroeï, nie minder nie as 1,5 meter hoog wees en moet aan die kriteria hieronder uiteengesit, voldoen.
- 5.1.4 Die eienaar kan die bome koop en dit aan die Bestuurskomitee oorhandig om dit te plant waar hulle dit geskik ag.

5.2 Bome, struik en grondbedekkers

Verkieslik

- 5.2.1 inheemse plantspesies;
- 5.2.2 aanvaarde ingevoerde bome, akkerbome, olyfbome, palmbome; en
- 5.2.3 klimplante soos dwerg bougainvillea en blouereën.

Uitsluitings

- 5.2.4 Beperkte uitheemse en indringerspesies, veral reuse bougainvillea, dennebome, bloekombome, jakarandabome, plataanbome of wattelbome.

6. MATERIAALSPESIFIKASIES

Die Bestuurskomitee wil nie graag enige spesifieke argitektoniese styl afdwing nie.

Die tabel hieronder dui in algemene terme die elemente, materiaal en kleure wat deur Monte Christo Ekolandgoed as aanvaarbaar beskou word en dié wat nie toegelaat sal word nie, aan.

TABEL 1: MATERIAALSPEFIKASIES

Item	Aanvaarbaar	Onaanvaarbaar
Eksterne mure	<ul style="list-style-type: none"> • Gepleister & geverf aan albei kante • Gekeurde siersteen Graad 1 SABS (NFX) (Monster van baksteen en verskaffer se beskrywing moet verskaf word) • Natuurlike klip • Steenbekleding kan vir effek gebruik word. (Monster moet verskaf word en rede vir gebruik moet deur die eienaar gemotiveer en deur Estetiese sub-komitee goedgekeur word) 	<ul style="list-style-type: none"> • Klinkerstene • Ongeverfde blokke • Geskulpte pleister (Spaans) • Meerdoelige materiaal • Vooraf-gegiet of vooraf-vervaardigde • Sakgesmeerde messelwerk (geverf/ongeverf) • Messelwerk (geverf/ongeverf) • Hout of veselsement
Kleure vir mure	<ul style="list-style-type: none"> • Aardse skakerings (monster voorsien deur eienaar en deur Estetiese sub-komitee goedgekeur) 	<ul style="list-style-type: none"> • Helder kleure (insluitend wit)
Dakke	<ul style="list-style-type: none"> • Saaldak • Vlerkdak • Skilddak • Maks 45° helling • Min 18° helling • Plat betondakke • Platdakke op voorwaarde dat dit verberg word met toepaslike fasiebord/borsweermuur ("parapet") • Die tipe dak moet konsekwent wees 	<ul style="list-style-type: none"> • Koepelvormige dakke

Dakafwerking	<ul style="list-style-type: none"> • Natuurlike dekriet • Dakspane • Natuurlike leiklip • Vesement-dakleie • Geriffelde soort dakprofiel (bv. Chromadek/Kliploc/ Brown Built/Alu-Zinc) • Beton-dakteëls • Kleiteëls • Plat betondakke met klippies 	<ul style="list-style-type: none"> • Gegalvaniseer • Asbes • IBR • Plat plate (Al die bostaande gevef/ongevef) • Weerkaatsende plaatbedekking • Wit, metaalagtige/weerkaatsende kleure • Skadunet
Grensmure, binnemure en ommuurde deel	<ul style="list-style-type: none"> • Gepleister en gevef aan albei kante • Siersteen Graad 1 SABS (NFX) (monster verskaf) • Gemotiveer deur eienaar en goedgekeur deur Estetiese sub-komitee • Gegalvaniseer en staalpalissade met epoksihars behandel • Clearvue/Betafence (Slegs houtskoolgrys) • Vesement (Nutec) 	<ul style="list-style-type: none"> • Vibracrete, voorafgegotte mure • Klinkerstone • Ongevefde blokke • Sakgesmeerde messelwerk (gevef/ongevef) • Vooraf-vervaardigde keermuurblokke • Gegolfde plaat • Lemmetjiesdraad • Elektriese heinings op die mure van enige woning binne die landgoed • Hout • Draadmaas
Vlakke	<ul style="list-style-type: none"> • Dubbelverdieping maksimum 8,5 m • Solderkamers binne toegelate hoogte 	<ul style="list-style-type: none"> • Veelvuldige verdiepings
Tuinuitleg	<ul style="list-style-type: none"> • Slegs inheemse spesies volgens lys 	<ul style="list-style-type: none"> • Eksotiese indringerspesies • Skadelike onkruid/plante
Vensters	<ul style="list-style-type: none"> • Hout (Swartland-Cape Culture/soortgelyk) • Geanodiseerde aluminium • Epoksi-aluminium • UPVC • Hortjies 	<ul style="list-style-type: none"> • Staal

Deure en Kosyne	<ul style="list-style-type: none"> • Hout (Swartland-Cape Culture/soortgelyk) • Geanodiseerde aluminium • Epoksi-aluminium • UPVC 	<ul style="list-style-type: none"> • Staal
Garagedeure	<ul style="list-style-type: none"> • Hout • Epoksi-aluminium • Alu-Zinc • Veselglas 	<ul style="list-style-type: none"> • Staal
Balustrade	<ul style="list-style-type: none"> • Gegalvaniseer en epoksi-bedekte staal • Geanodiseerde/epoksi-bedekte aluminium • Vlekvrye staal • Glas • Geskikte hardhout soos goedgekeur deur die Estetiese sub-komitee 	<ul style="list-style-type: none"> • Enige materiaal wat roes • Staalpanele • Hout (geverf/ongeverf)
Pergolas	<ul style="list-style-type: none"> • Hout (moet op plan gespesifiseer en deur die Estetiese sub-komitee goedgekeur word) • Beton • Eenvoudig en dekoratief 	<ul style="list-style-type: none"> • Staal • Enige materiaal wat roes

7. INDIENING VAN BOUPLANNE

- 7.1 By voorlegging van 'n plan vir goedkeuring sal die applikant 'n deposito (wat bouplan fooie en registrasiefooie insluit) betaal wat deur die Bestuurskomitee van tyd tot tyd bepaal sal word.
- 7.2 Die doel van die deposito is om die koste van herstel van openbare sypaadjies, paaie, oop ruimtes, parkgebiede en aangrensende erwe te dek en sal insluit maar is nie beperk nie tot die onderstaande:
- herplanting van gras of bome beskadig deur bouaktiwiteite;
 - verwydering van rommel of vullis wat op die sypaadjies of aanliggende erwe gelaat word;
 - herstelwerk aan enige beskadigde vaste straattoebehore, straatligte, vullisbakke, sitbanke in oop areas, ens.;
 - herstelwerk aan enige beskadigde elektrisiteits- en telefoonkassies of enige mangatdeksels;
 - herstelwerk aan enige beskadigde randsteen of stormwateraflope aan die kant van die straat;
 - herstelwerk aan enige beskadigde plaveisel en beton wat op geplaveide oppervlakke gemors is en nie behoorlik opgeruim is nie;
 - herstelwerk aan waterbesproeiingspype of beskadigde sproeiers;
 - herstelwerk aan enige kabel of pype beskadig deur uitgrawingsaktiwiteite.
- 7.3 Die deposito sal ook aangewend word om die koste veroorsaak deur nienakoming van die bouplanne en regulasies te dek.
- 7.4 Vyf-en-twintig persent (25%) van genoemde deposito is nie terugbetaalbaar nie en sal aangewend word as 'n fooie vir instandhouding van infrastruktuur wat deur kontrakteurs, subkontrakteurs en afleweringvoertuie oor die algemeen gebruik word.
- 7.5 Indien die eienaar in gebreke bly om enige skade te herstel, sal die HEV die deposito vir daardie doel aanwend. Indien die skade meer is as die deposito, sal die huiseienaar verantwoordelik wees vir die betaling van addisionele koste betrokke.
- 7.6 Die deposito sal slegs terugbetaal word ná skriftelike kennisgewing van die eienaar dat die projek gekanselleer is of by afhandeling van die bouwerk, onderworpe aan inspeksie van die eiendom deur die Bestuurskomitee en herstel van enige skade deur die eienaar of sy of haar verteenwoordiger.

- 7.7 Addisionele fooie sal bereken word in die geval van enige komplikasies of teenstrydighede ingevolge die ontwerpshandleiding wat addisionele beraadslaging of ondersoek sal vereis. Die fooi sal in ooreenstemming wees met die huidige tydtariewe van die Argitektoniese Instituut. Die applikant moet van enige omstrede elemente, wat tot 'n beraadslaging of ondersoek kan lei, in kennis gestel word.

8. GOEDKEURING VAN BOUPLANNE

- 8.1 Vier stelle bouplanne, of elektronies in PDF formaat, wat die inligting hieronder genoem, aandui, moet aan die Estetiese sub-komitee van die Bestuurskomitee voorgelê word.
- 8.2 Inligting wat voorgelê moet word:
- 8.2.1 Terreinplan met kontoere.
 - 8.2.2 Alle vloerplanne moet konstruksievlakke aantoon.
 - 8.2.3 Aansigplanne noord na suid, oos na wes deur die gebou met aanduiding van die laagste en hoogste punt van die hele erf asook die straatvlak.
 - 8.2.4 Waar uitgrawings gedoen word, moet die planne al die keermure om die bure se eiendomme te beskerm, aandui.
 - 8.2.5 Planne moet die oprit asook afstand en vlakke van straat na garage wys.
 - 8.2.6 Alle aansigte.
 - 8.2.7 Hoogtebeperking van gebou aangedui deur 'n parallelle kontoerlyn van 8,5 meter bo natuurlike kontoere.
 - 8.2.8 Materiaal wat gebruik gaan word volgens argitektoniese riglyne
 - 8.2.9 Planne of foto's wat aandui dat die uitsig van die naburige eiendomme nie deur die beoogde gebou belemmer sal word nie. In die geval van onontwikkelde aanliggende eiendomme, moet sorg gedra word om voorsiening te maak vir die minste belemmering van die uitsig daarvan.
 - 8.2.10 Bakensertifikaat nie ouer nie as een jaar deur 'n geregistreerde landmeter.
 - 8.2.11 Kontoerplan nie ouer nie as een jaar deur 'n geregistreerde landmeter.
- 8.3 Aansoeke vir goedkeuring van planne ingevolge hierdie reëls sal by die kantoor van die bestuursagent, Status Mark, ingelewer word, of word per geregistreerde pos gestuur word aan die Bestuurskomitee van Monte Christo Ekolandgoed, Posbus 567, Mosselbaai 6500.
- 8.4 Betaling van die aansoektarief moet via direkte deposito in die rekening van Monte Christo HEV gemaak word.

8.5 Die Bestuurskomitee sal 'n aansoek skriftelik goedkeur of afwys binne 14 dae ná indiening en betaling van die aansoektarief.

--EINDE--